***BRADS GRYSBROEKE***

Ons het so pas 'n klein besending broeke van hierdie bekende fabrikaat ontvang. So reg na u smaak. Kom kyk self.

•

**Die Eikestadwinkel**

(Edms.) Bpk.

Langs C.S.V.-Boekhandel.

DIE

# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 12. VRYDAG, 8 JUNIE 1945. Prys 1d.

***BESTE DIENS***

vir

**FIETSE, RADIO'S ENS.**

is

[illegible] verkrygbaar

by

**H. VILJOEN**

21 [illegible]

UNIVERSITY LIBRARY.

## Belangwekkende Navorsings Aan Ons Universiteit Op Fisiese Gebied

Aangesien daar daagliks op Stellenbosch navorsing en ontwikkeling van besondere belang plaasvind — dinge waarvan die student wat nie aktief met die werk besig is nie,baie weinig weet–is dit ons doel om van tyd tot tyd, na gelang plaasruimte toelaat, artikels in dié verband te plaas. Ons wetenskaplike medewerker, meneer Ernst Marais, sal hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik wees.

Die Merensky-gebou vir Fisika is in 1941 vir die eerste keer in gebruik geneem. By die optrek van die planne van die gebou is alles in die werk gestel om die gebou so gerieflik en doeltreffend moontlik vir navorsing te maak. Hierin is wel deeglik geslaag. Die gebou is dan ook daartoe toegerus om 'n brandpunt te kan wees in die Suid-Afrikaanse navorsing in Fisika, hoewel die volledige toerusting deur die oorlog gestrem is.

U vind in die laboratorium o.a. een van die sterkste X-straalapparate in die land en verskillende spektrograwe. 'n Uitstaande kenmerk van die laboratorium is dat dit oor 'n 21 voet roosteropstelling beskik — die enigste in die suidelike halfrond — wat besondere bevredigende resultate gee. Die apparaat is gebou in 'n kamer net hiervoor bedoel en die uitstekende opstelling is hier plaaslik deur die meganikus, mnr. Gürgen, uitgevoer. Met behulp hiervan word Molekuulstruktuur-studies deurgevoer. Dit is 'n onderwerp waaraan wetenskaplikes dwarsoor die wêreld die afgelope dertig jaar veral baie aandag gee. Die eerste publikasie van prof. Naudé oor werk met hierdie apparaat uitgevoer, verskyn in die 1944-uitgawe van die „South African Journal of Science."

Hierby moet nog 'n apparaat genoem word wat hier plaaslik gebou is. Dit is 'n Abbé-komparator waarmee afstande op 'n fotografiese plaat tot een-tienduisendste van 'n millimeter akkuraat gemeet kan word. Die bou van die apparate is moontlik as gevolg van die uitstekende werkplaas, wat teen 'n kapitaalbedrag van oor die £3,000 pond toegerus is.

'n Verdere studiegebied is spektrografiese analise wat die laaste jare ook baie vinnig grond gewen het. Met behulp van hierdie metodes kan baie klein hoeveelhede van elemente baie sekuur bepaal word. Een uit 'n miljoen dele van 'n gegewe stof is hierdeur bepaalbaar en die metodes trek die aandag op baie tegniese gebiede. Hoewel Suid-Afrika nog 'n agterstand op die gebied het om in te haal, het dr. Strasheim reeds sy D.Sc.-graad daarop behaal. Op die gebied van die jeugdige navorsing van die geheimsinnige sogenaamde Kosmiese strale, wat van buite ons atmosfeer na ons aarde toe beweeg, is daar ook goeie fondamente gelê waarop vinnig gebou word. Oor termiese elektrisiteit en metereologiese navorsing is reeds ondersoek uitgevoer waarop drs. Scheffler en G. de Villiers vir hul D.Sc.-grade gepromofeer het.

### WIE DIT LEI

Dit pas hier om iets te sê oor die dosente wat die navorsing lei. Prof. dr. S. M. Naudé verdien die eer dat deur sy ywer die hele navorsingsmasjien in beweging gebring is vanaf die optrek van die planne van die gebou tot die opwerk van die navorsing tot die gevorderde stadium wat dit tans bereik het, sodat selfs M.Sc.-studente probleme van internasionale belang ondersoek!

Dr. Naudé het die doktors-graad in Berlyn verwerf oor termiese fisika. In Charlottenburg het hy later ook atoom-navorsing gedoen. In Chicago het hy toe sy studies voortgesit in verband met die molekuulstruktuur. Hier het hy internasionale roem verwerf deur die ontdekking van 'n nuwe soort N-atoom of isotoop. Verder het hy die bestaan van 'n suurstofisotoop gestaaf. Dit was 'n belangrike ontdekking soos die Gemikus en Fisikus weet, omdat suurstof 'n standaard is by die berekening van atoomgewigte. Die deeglikheid van sy opleiding is duidelik as ons die name noem van persone soos Nernst, Planck, Mulliken, Einstein, von Laue en Compton onder wie hy studeer het. Verskeie publikasies van hom het reeds die lig gesien.

Dr. De Vos het twee jaar gelede sy doktors-graad aan U.S. oor 'n onderwerp op die gebied van Kosmiese strale behaal en lei tans die navorsing op dié gebied op 'n uitstekende en lofwaardige wyse!

## Die Stellenbosse Kunswedstryd

**Die neënde Stellenbosse Kunswedstryd het verlede Saterdagaand op luisterryke wyse geëindig toe die keur van die Stellenbosse kunstalent voor 'n groot gehoor opgetree het. Die Junior- sowel as die Senior-pryswennerskonserte, Vrydag- en Saterdagaand onderskeidelik, het die stoutste verwagtings oortref en weereens getoon dat die kuns op Stellenbosch van hoogstaande gehalte is.**

In die afdelings klavierspel en koorsang was daar 247 inskrywings. Veral die klavierspel was van 'n baie hoë standaard. Mnr. D. J. Roode van die Vrystaatse Musiekskool, Bloemfontein, het o.a. verklaar dat in hierdie afdeling die beste werk gelewer is wat hy nog ooit op 'n kunswedstryd beoordeel het. Hy het daaraan toegevoeg dat die deelnemers ware toonkunstenaarskap besit en dat hy baie aangename herinneringe met hom meedra.

### KOORSANG

Ook die koorsang was van baie hoë gehalte, alhoewel hier nie so veel inskrywings was nie. Een van die glanspunte van die kunswedstryd was dan ook die koorsang van die Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van Dr. G. G. Cillié (Jnr.). Groot lof is aan hierdie koor toegeswaai en die intelligente leiding van Dr. Cillié is deur die beoordelaar aangeprys. In die klas vir Serenadesang het die Juniorkoor van 1944 onder leiding van Jan de Villiers mooi presteer.

In die afdeling viool was daar 32 inskrywings en die beoordeling is hier gedoen deur Walter Swanson van die S.-A. Uitsaai-korporasie te Kaapstad.

Mej. Juin du Toit, instruktrise in Afrikaanse Voordrag op Wellington, het die voordrag beoordeel.

### SKILDERKUNS EN BEELDHOUWERK

In die afdelings skilderkuns en beeldhouwerk was daar altesaam 280 inskrywings — minder as verlede jaar. Sowat 230 hiervan is afkomstig van skoliere. Hier is ook werk van hoogstaande gehalte gelewer en in een geval is 100% behaal vir 'n skilderstuk. In die afdeling vir beeldhouwerk was daar slegs een pryswenner. Mnr. Gregoire Boonzaaier het die skilderkuns beoordeel en dr. F. E. J. Malherbe die beeldhouwerk.

In die afdeling vir handwerk was die inskrywings heelwat lewendiger as verlede jaar. In die ope klasse vir handwerk was daar 4 inskrywings waaraan elk 'n 1e prys toegeken is. In die klasse vir skoliere was daar 110 inskrywings en 15 eerste pryse is toegeken. In die klasse vir naaldwerk was daar 22 eerste-prystoekennings uit 32 senior inskrywings. 7 van die 15 junior-inskrywings het hier eerste pryse behaal. In die afdelings vir breiwerk was daar 16 inskrywings teenoor 10 wat eerste pryse veower het. Verder is daar toekennings gemaak in die afdelings vir stoffeerwerk, spin en weef, hekelwerk asook houtwerk.

Die mededinging in die afdelings vir handwerk was hoofsaaklik tot Stellenbosch beperk. Die dames van die universiteitskoshuise was veral in die afdelings vir naaldwerk verantwoordelik vir baie inskrywings. Die beoordelaars het met groot lof van die gelewerde werk gepraat. Mej. Odendaal van Wellington, mej. J. A. Olivier van Kaapstad en dr. E. T. Stegmann van Stellenbosch het die beoordeling in die afdelings vir handwerk waargeneem.

Die werk wat die Kunswedstrydkomitee met al die ampsdraers hier op Stellenbosch doen, kan geroem word en daar is reeds sprake van groot planne vir die toekoms op hierdie kunsgebied.

## HENNIE MARAIS BAIE DANKIE!!

Dit is met weemoed dat „Die Matie" terug kyk na die afgelope twee jaar van sy bestaan op Stellenbosch, omdat sy steunpilaar en een van sy grootste bouers binne kort nie meer daar sal wees om die leiding verder te dra nie. Hennie Marais, wat 'n deeltydse betrekking by Sanlam aanvaar het, sal voortaan nie meer as redakteur kan optree nie. Hierdie verlies betreur nie alleen die A.N.S. en Matie-redaksie nie, maar elke Matie-leser voel dat hier 'n leemte is wat moeilik gevul sal word. Die helder insig en gesonde rigting wat Hennie deur *Die Matie* aangedui het, was vir Stellenbosch in die krisistye van die afgelope jare in die algemeen seker die mees behoudende faktor.

Die hoë peil in alle opsigte wat die blad in die afgelope tyd bereik het is hoofsaaklik aan sy ywer te danke.

Die A.N.S. en „Die Matie" kan ons aftredende redakteur nie genoeg bedank vir sy dienste en hulp nie. Alleen die allerbeste word hom toegewens en ons vertrou dat hy in die volwasse volkslewe tot ewe vrugbare diens mag wees.

Ons is dankbaar, Hennie, vir al jou dienste en ywer en nog meer vir die standaard wat jy gestel het vir alle toekomstige redakteurs!

***Besoek DIE UITSPAN***

**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**

***DIE UITSPAN is 'n besoek werd!***

**OOR 6 MAANDE**

*sluit*

*DIE C.S.V.-BOEKHANDEL*

*se*

*GROOT VERHAALWEDSTRYD*

•

**£325 aan Pryse**

•

**ONTHOU DIE SLUITINGSDATUM: 30 NOVEMBER**

•

Vra ons inligtingsafdeling om meer besonderhede.

•

**DIE C.S.V.-BOEKHANDEL**

Pleinstraat
STELLENBOSCH

Telefoon 133 Posbus 25

**NUWE BOEKE**

HAND- OF ANDER BOEKE, WAT MOEG IS, SAL ONS VIR U HERSTEL EN NUUT MAAK.

*VERTAAL-BURO,*
*Dorpstraat,*
Foon 486 *Stellenbosch.*

**Die Plaza**

Foon 0013

•

**BATHING BEAUTY**
**ESTHER WILLIAMS**

Vrydag en Saterdag,
8 en 9 Junie

Matinee: Saterdag

*Goeie Raad!*

•

**Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......**

- 'n Visitekaartjie
- 'n Sirkulêr
- 'n Program
- 'n Bloemlesing
- 'n Geleerde Dissertasie

of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.

*Ons hele Staf is tot u diens!*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
(Edms.) Bpk.
Pastoriestraat, Stellenbosch.

*DIE MATIE*

*Alle korrespondensie aan:*

*J. J. VAN WYK,*
*Waarn. Redakteur,*
*Die Laan,*
*Stellenbosch.*

Deel V. 8 Junie 1945. No. 12.

## DIE JONGSTE WAPENSKOU

„Ons (die A.N.S.) word nie afgeskrik deur die voorhou van onmoontlikhede nie, want dit laat ons volk ronddwaal in die woestyn weens ongeloof. Ons word nie afgeskrik deurdat vrees vir ons ingeboesem word teen nuwe rigtings en 'n nuwe gees nie, want ons weier om slegs te luister na die tyding van die ou, ou koers waar die pad dood loop." So skrywe mnr. A. A. Stulting o.a. in die Wapenskou van April 1945.

Een bewys dat mnr. Stulting die A.N.S. nie onverdiende lof toeswaai nie, is die feit dat daar deur die A.N.S. 'n kwartaalblad uitgegee word waarin daar nie geskroom word om die ontstaan van 'n nuwe gees in ons volkslewe te propageer nie. Met sy kwartaalblad, Wapenskou, wat inderdaad die mees uitstaande ideologiese blad in ons land is, toon die A.N.S. dat dit hom werklik erns is om die probleme van ons land nugter in die oë te kyk en te ondersoek, en dat hy nie gewillig is om die volstruispolitiek van so baie van ons volksgenote te volg nie.

In die jongste Wapenskou verskyn daar weereens 'n verskeidenheid van artikels wat 'n hele aantal aspekte van ons volkslewe raak. Een artikel wat opspraak sal verwek is die van adv. Pirow oor, „ons Chaotiese Regstelsel en sy Hervorming op Nasionaal - Sosialistiese Grondslag." Daar is vandag maar min mense in ons land wat nie besef dat daar iets radikaal verkeerd is met ons regstelsel nie, maar weet nie eintlik waar die fout lê en waar dit verander moet word nie. Adv. Pirow wys nie alleen op die werklike gebreke van ons stelsel nie, maar toon ook aan dat enige doeltreffende verandering alleen kan geskied in die raamwerk van 'n algehele verandering van ons staatstelsel. In ons huidige kapitalistiese stelsel is die man met geld in alle opsigte, ook wat die regswese betref, in 'n bevoorregte posisie, en sal dit ook altyd wees. Om die regstelsel so te verander dat almal, ryk of arm, oor dieselfde kam geskeer word, moet die kapitalistiese staatstelsel verander word.

Mnr. A. A. Stulting in sy artikel: „Die Volksfunksie van ons Studentejeug," wys op die flagrante miskenning van die jeug deur ons ouere volksleiers. Moontlik is dit die rede waarom so baie van ons studente met 'n gees van onverantwoordelikheid ten opsigte van alles, — selfs wat hulle ontspanning en plesier betref — besiel is.

Die jeug het egter 'n duidelike volksfunksie te vervul.

„Die jeugtydperk is die tydperk van lewenskrag en daarom is die jeug 'n lewegewende krag in die volkslewe," skryf mnr. Stulting. As ons jeug dit waarlik besef, sal hulle, soos dit so dikwels oor die hele wêreld gebeur het, aan die spits staan van aanvalle teen die volkskadelike gevestigde belange en daadwerklik stry vir die verwesenliking van hul nasionale- en volksideale.

Ons het al so dikwels gehoor dat die kleurlingvraagstuk een van ons moeilikste probleme is, dat die meeste van ons nie eens meer aandag aan so 'n stelling gee nie. Tog wag hierdie probleem nog altyd op 'n oplossing. Mnr. N. J. Olivier benader hierdie probleem in sy artikel oor Rasseverhoudinge in Suid-Afrika op nugtere wyse. O.a. wys hy ook daarop dat die probleem alleen opgelos kan word as die blankes die regte gesindheid teenoor die kleurling openbaar.

Hierdie is 'n paar van die artikels wat baie definitief ons kennis en insig in sekere van ons landsprobleme verryk en wat deur elke ernstige student gelees moet word.

## Vir Bewoners van Glashuise is dit Gevaarlik om met Klippe te Gooi

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Die oorsese kabeldiens, radiodiens, rolprente en radioprente staan vandag in die diens van 'n gruwelpropaganda. Hiervolgens lyk dit byna of die Duitsers in die jongste tyd meer wreedhede as die Geallieerdes en hulle Russiese bondgenote in die hele oorlog gepleeg het.

Hierdie soort gruwelpropaganda is nie onbekend nie. In die eerste Wêreldoorlog sou die Duitsers, volgens die destydse gruwelpropaganda, Belgiese en Franse kinders se hande afgekap het, vrouens se borste afgesny het en lyke uitgebraai het. Kort na die vrede is toe van die Geallieerdes se kant erken dat hierdie gruwelstories blote versinsels was. Die Engelse skrywer, lord Ponsonby, het in sy bekende werk oor die destydse oorlogspropaganda die leuenagtigheid van die gruwelstories nog verder aan die kaak gestel.

### DIT LYK IETWAT VERDAG

In verband met die jongste vloedgolf van gruwelpropaganda waarvoor die rolprent gebruik word, kan die volgende kommentaar gelewer word: Die doel van die gruwelpropaganda is duidelik. Die Duitse volk word voorgestel as uiters wreed en onmenslik. So'n volk moet swaar gestraf en heropgevoed word. So'n volk verdien nie 'n „sagte" vrede nie. Dit is ongeveer die indruk wat die gruwelrolprent op die onkritiese mens maak.

In sy strewe om die Duitsers gewoonweg as onmenslike wreedaards voor te stel, versuim die gruwelrolprent om daarop te wys dat toestande in Duitsland as gevolg van 'n byna sesjarige oorlog, as gevolg van Geallieerde seeblokkade en lugaanvalle en as gevolg van die vyandelike invalle aan alle fronte, nie anders as uiters chaoties en gedesorganiseerd moet wees nie. In dergelike chaotiese en gedesorganiseerde toestande — en volgens die Geallieerdes se oorlogsberigte kon dit nouliks erger gewees het — is dit nie alleen moontlik nie maar selfs waarskynlik dat uiters haglike toestande in die Duitse konsentrasiekampe geheers het. As honderdduisende Duitse vrouens en kinders as gevolg van die Geallieerdes se lugaanvalle die verskriklikste ontbering, marteling en dood moes ly, hoe kan 'n mens dan verwag dat dit in die konsentrasiekampe alles fatsoenlik moes gegaan het? Dit is dus meer as waarskynlik dat die wantoestande in die Duitse konsentrasiekampe waarmee die gruwelpropaganda hom besig hou, die gevolg is van desorganisasie en oorlogsnoodtoestande en veel minder die gevolg van 'n doelbewuste beleid van die Duitse owerheid. Elkeen weet dat daar in abnormale tye van oorlog in alle lande dinge gebeur wat in normale vredestye waarskynlik onmoontlik sal wees. Maar waarom dan die hele Duitse volk verantwoordelik hou vir wat in sy konsentrasiekampe plaasgevind het?

Volgens die rolprent is dit nie duidelik watter soort mense in die Duitse konsentrasiekampe opgesluit was en wat die redes vir hulle opsluiting was nie. Trouens die Afrikaanse nuusdiens uit Londen noem die kampe „gevangenekampe" en nie „konsentrasiekampe" nie. Waarom? Is dit miskien omdat konsentrasiekampe in Suid-Afrika nie onbekend is nie?

Soos ons weet is dit politieke vyande van die Duitse regering en nie krygsgevangenes nie wat in konsentrasiekampe opgesluit word. Die vernaamste politieke vyande van die Nazi's is waarskynlik die Jode. Dit is dus moontlik dat Jode sterk in die konsentrasiekampe verteenwoordig was. Daar is egter niks in die rolprent wat aan Jode herinner nie. Waarom nie? Alleen op een plek in die rolprent word 'n menslike liggaamsdeeltjie skynbaar toevallig getoon wat nie Joods kan wees nie. Waarom?

### NIE GRUWELPROPAGANDA MAAR HISTORIESE FEITE

Maar waarom moet Suid-Afrikaners ingelig word oor gruwels in Duitse konsentrasiekampe, aangesien ons aan eie lyf genoeg ondervinding van Engelse konsentrasiekampe opgedoen het? Volgens argivale bronne kom die totale getal Boerelewens wat in die Engelse oorlog verlore gegaan het op **34,116** te staan. Daarvan het maar **3990** op die slagveld gesneuwel en alles tesame is **5071** op kommando dood. Vir elke honderd Boerelewens verloor, het agttien op die slagveld omgekom, waarvan maar net twaalf werklik gesneuwel het; die ander 82 het onder Britse beskerming om die lewe gekom; van hulle was **65** kinders onder sestien jaar. (Hierdie gegewens kan in die Transvaal-Argief Pretoria gevind word).

Dit is dan ook geen wonder dat selfs 'n lord Milner aan sy hoof, mnr. Joseph Chamberlain, moes skryf: „The black spot — the one very black spot — in the picture is the frightful mortality in the Concentration Camps. ......The fact that it (the mortality) continues is no doubt a condemnation of the Camp system. The whole thing, I think now, has been a mistake". (Milner aan Chamberlain 7-12-1901. Milner Papers, Deel II, bls. 229).

'n Flater, ja seker! Intussen egter het 27,927 Afrikaners die lewe in die Engelse konsentrasiekampe verloor. Vir die klein Afrikanervolkie was dit 'n ontsaglike verlies.

Vir bewoners van glashuise is dit voorwaar gevaarlik om met klippe te gooi.

*Het u al die April-uitgawe van WAPENSKOU gekoop?*

**Rook Springbok-Sigarette**

## Wetenskaplike Brokkies

DEUR ERNST MARAIS

Ultraviolet-strale het 'n belangrike biologiese uitwerking. Die lang golflengtes het 'n heilsame uitwerking terwyl die korter golflengtes 'n vernielende uitwerking op liggaamlike weefsels het. Dit is dan ook hierdie strale van die son wat 'n mens bruin brand. Dit mag daarop gelet word dat waar glas hierdie soort strale absorbeer, dit van geen waarde is om 'n sonbad deur groot vensters te neem nie. 'n Kwiklamp is besonder ryk aan die strale en word ook „Kunsmatige sonlig" genoem. Dit is hierdie strale wat 'n sonbad so heilsaam maak, maar ook so gevaarlik indien onverstandig toegepas. Die strale veroorsaak die vorming van Vitamin D in die liggaam, die been- en liggaambouer. Dit versterk die hart, verbeter die bloedsomloop en vernietig kieme. Dit het 'n heilsame uitwerking op die bloed waaronder getel kan word die vermeerdering van wit- en rooibloedliggaampies. Dit bevorder die absorbering van kalsium- en fosforsoute uit die derm. Die soute word na die been gevoer waar die nodige verkalking plaasvind.

Dit is medici se oortuiging dat ons in Suid-Afrika te geredelik uitlandse idees i.v.m. sonbaddens navolg sonder inagneming van plaaslike omstandighede. Ons sonnige land met helder en sterk sonskyn hou 'n werklike gevaar in vir mense wat hulle onnodig aan die son blootstel. Ultraviolet brande — d.w.s. die gewone sonbrande — is nie alleen pynlik nie, maar veroorsaak ook lusteloosheid na liggaam met 'n ooreenkomstige uitwerking op die verstand. Dit het ook 'n onnatuurlike verkleuring van die vel ten gevolge. Oormatige produksie van vitamine D mag 'n vroegtydige verkalking van die are ten gevolge hê. Verder word elastiese weefsels in die vel vernietig met die gevolg dat rimpels ontstaan wat nie weer kan verwyder word nie. U kan dus die hardwerkendheid van die Suid-Afrikaanse boer bepaal deur te let op die rimpels in sy nek!

## Franz Joseph Haydn

(1732 — 1809.)

Ons plan was om Händel in hierdie kolom en op Sondagaand te behandel, maar daar ons eersdaags die uitvoering van Haydn se „Jaargetye" hier sal kan bywoon, wil ons graag hierdie geleentheid gebruik om Haydn aan ons lesers en luisteraars voor te dra. Händel sal dan op die laaste Sondagaand van hierdie kwartaal behandel word. Mej. A. Uys, ons presidente, neem die program waar.

Franz Joseph Haydn is gebore op 31 Maart 1732 in die klein dorpie Rohrau, op die grense van Oostenryk en Hongarye, dertig myl vanaf Weenen. Waar sy familielewe materieel gebrek gely het, was sindelikheid en vroomheid egter faktore wat gunstig op die jong Haydn ingewerk het. Sy vader, in teenstelling met die vaders van Bach, Beethoven en Mozart, was nie 'n musikant nie, maar wel 'n karwyer en koster van die plaaslike kerk.

Haydn se musiekloopbaan was, soos dié van Bach, uiters kalm en bestendig. Bach het nie eenmaal Duitsland verlaat nie. Haydn het alleen Oostenryk verlaat om sy besoeke aan Engeland af te lê. Uit 'n arme en onbekende jeug het sy lewe stadig vervloei tot 'n bestendige bejaardheid, en het hy alle probleme wat hom teëgekom het, met 'n prakties-gewonne wysheid en insig opgelos. Hy is nou nog bekend as Papa Haydn, en die naam is nogal tekenend. Hy het gebou op die grondstene van die moderne simfonie, en die sonata neergelê deur die Mannheimskool en C. P. E. Bach, en het die grondslag daargestel van die moderne orkes.

Haydn se besondere gawe openbaar sigself al baie vroeg. In 1738, op aandrang van 'n bloedverwant, Johann Matthias Frankh, koorleier en onderwyser te Heinburgh, verlaat Haydn Rohrau. Frankh leer aan hom die viool en die harpsichord. Hoewel hierdie leermeester baie stroef en veeleisend was, het sy invloed op die jong Haydn betreklik veel gewig gedra.

In 1740 word Haydn na Weenen geneem deur Reutter, musiekdirekteur van die Heilige Stephanus-Kerk aldaar, om te dien as koorsinger. Reutter se aanvanklike geesdrif het gou bedaar, en Haydn moes self sy weg vind. In Nov. 1740, as gevolg van 'n kwajongstreek, word hy uit die koor geja, en bevind hy homself op die strate van die destydse vrolike en veelkleurige Weenen. Hy was nou 17 jaar oud.

'n Tenoorsanger, Spangler, vind hom egter, en verleen aan hom huisvesting in een vertrek met eie vrou en kind. Deur eie inspanning kom hy egter nou op die voorgrond. Sy bestudering van C.P.E. Bach moedig hom aan om sy aandag te gee aan harmonie, en hiervoor het hy die Oostenrykse volkswysies gebruik.

In 1754 ontmoet hy Metastasio, die Italiaanse digter en librettoskrywer, en deur hom ontmoet hy Niccola

(Vervolg in vorige kolom)

Porpora, die bekende komponis en sangmeester wat destyds die leidende rol in Weenen gespeel het wat Rossini later in Parys gespeel het. In 1755 ontmoet hy Baron von Fürnberg aan wie se huis hy nou gevra word om die musiek waar te neem.

In 1759, deur bemiddeling van Baron von Fürnberg, word hy aangestel as musiekdirekteur van die Boheemse Graaf Morzin. Vir hom skrywe Haydn sy eerste simfonie in D Grootterts. In 1760 trou hy met Anna Maria Keller. Hierdie huwelik verskaf hom taamlik onaangenaamheid.

Hy kry nou die geleentheid om in die diens van sy lewenslange vriend, Prins Paul Anton Zsterházy, te tree. Aan sy landgoed te Eisenstadt woon hy vir dertig jaar. Teen hierdie tyd het die komponis se werke o.a. 30 simfonieë, ses snaartrio's ens., getel.

In 1775 word sy eerste oratorium: „Il Ritorno di Tobia", uitgevoer. Sy bekendheid het nou eindelik versprei tot só ver as Spanje. Boccherini korrespondeer met hom vanuit Madrid.

In 1791 besoek hy Londen vir die eerste keer, en gee hy konserte onder beskerming van Salomon, 'n violis. Deur Oxford word aan hom 'n Doktorsgraad in Musiek toegeken. In 1794 besoek hy Londen vir 'n tweede maal.

Hy rond sy lewe af met „Die Skepping" en „Die Jaargetye." Hierdie laat ontluiking laat 'n mens onwillekeurig dink aan Verdi wat op 80-jarige leeftyd sy loopbaan bekroon met Falstaff. Hierdie werke was baie geslaagd, en geesdriftig ontvang. „Die Jaargetye" het egter sy laaste kragte uitgeput. Hy sterwe op 31 Mei 1809.

## Onder Onsies

Mejj. Vena Wilkens en P. Price-Moore is gekies as lede van die W.P.-hokkiespan.

* * *

Mnr. A. B. van der Merwe, oud-Matie en tans onderwyser op Calvinia is aangestel op die personeel van die Hoërskool, Parow.

* * *

Mej. Martha Treurnicht, primaria van MacDonaldhuis, het Maandag haar mondigwording gevier.

* * *

Op 31 Maart het mej. Hetta Tomlinson, oud-Monicaner, op Potchefstroom in die huwelik getree met mnr. Franko Maritz, ook 'n oud-Matie.

* * *

Mej. Santha van der Westhuizen van Huis-de-Villiers het onlangs haar verjaardag gevier by wyse van 'n middernagtelike partytjie saam met 'n klompie maats.

* * *

Mej. Susanna Myburgh het onlangs 'n mangel-operasie in die plaaslike hospitaal ondergaan. Sy is tans weer terug in Huis-de-Villiers.

* * *

Maandagaand het mej. Isabel Hofmeyr van Huis-tenBosch haar verjaardag gevier in die C.S.V. gebou, saam met 'n groepie vriende en vriendinne.

* * *

Die Dames-Studentevereniging het Dinsdagaand 'n vergadering gereël waar mnr. W. M. van der Westhuizen die regsposisie van die vrou behandel het. Geleentheid is ook gegee om vrae te stel, en te oordeel na die mate waarop gereageer is, het almal die lesing besonder interessant en leersaam gevind.

* * *

Môre-oggend sal u die geleentheid hê om te sien watter vernuf mans het vir blomme-rangskik, as u kom kyk na die blommeskou in die C.S.V. saal. Die toegang is slegs 3d. en die fondse is ten behoewe van die hospitaal vir aansteeklike siektes. Kom dus seker.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk
sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

Alfred Blommaert
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

Dr. MARLOTH
Flora van Suid-Afrika
Versameling van 16 pragtige
KUNS-AFDRUKKE
teen slegs 27/6 per stel.
—o—
Max Jurisch
NATURAL SINES & COSINES
£1-5-0.
Verkrygbaar by
R. Müller's
Musiekhandel
Pleinstraat — Stellenbosch.

### WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

Suikerbossie
Melksalon
Sø Bediening is uitstekend,
Ontmoet Jul Vriende Hier
Om 'n Lekker Koppie Koffie.
Ons pas geopende
BIEJARTKAMER
(5 tafels) is die grootste en netjieste in die W.P.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAART ...
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons
groot
verskeidenheid
Soetwyne
en keurige
Aptyt-drankies.

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Suid-Afrikaanse
en
Buitelandse
Tydskrifte
Ons hou voorraad van die volgende:
ONS EIE BOEK — 6/- per jaar.
KORT EN GOED — 1/6 per eksemplaar.
KULTUUR en FILMA — 1/- per eksemplaar.
READER'S DIGEST — 1/6 per eksemplaar.
LILLIPUT — 1/3 per eksemplaar.
LONDON OPINION — 1/- per eksemplaar.
STRAND MAGAZINE — 1/3 per eksemplaar.
WORLD DIGEST — 1/3 per eksemplaar.
Ons kan vir u op enige oorsese tydskrif inteken. Vra om besonderhede
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
STELLENBOSCH

Rook Springbok-Sigarette

# SPORT

## RUGBY

Op Nuweland A om 2.45 in die voorwedstryd, kry ons eerste span dit môre-middag met Hamiltons te doen. In die hoofwedstryd kan daar ook uitstekende spel verwag word, want dan bots U.K. en Tuine, wat verlede week teen Paarl hulle eerste punt op die puntelys ingesamel het.

### GOEIE VOORSPELERS

Waar die Matiespan se voorspelers verlede week weereens gefaal het en 'n uiters teleurstellende vertoning gelewer het, wag daar môre weer vir hulle 'n swaar taak, want Hamiltons het 'n besonder goeie pak voorspelers. Met hulle uitstekende voorry sal hulle enige span laat les opsê, en verlede week het hulle inderdaad selfs die swaar pak voorspelers van Unie om besit van die bal geklop. Die haker wat die bal voor Wintle, Duffet en Mellish wil weghaak, sal homself moet ken. Hoewel Hamiltons verlede week teen Unie vir driekwart van die wedstryd met sewe voorspelers moes klaarkom, het Duffet nogtans die bal blitssnel voor Gant weggehaak. En wanneer ons nog verseker word dat hulle voorspelers stukke beter gespeel het in die losspel as hulle gedugte teenstanders, kan 'n mens wel besef dat ons manne môre nie 'n duim sal kan skietgee nie. As hulle nie baie beter speel as die afgelope twee Saterdae nie, kan 'n mens niks anders verwag as nog 'n nederlaag vir die Rooispan nie.

In hulle agterlyn het Hamiltons ook nog die bekende Gerry Brand om enige kans met 'n straf- of skepskop waar te neem, Jannie Oosthuizen, die oud-Matie wat verlede jaar in die W.P.-span gespeel het, en Jooste, 'n baie gevaarlike vleuel.

### VOORUITSIGTE

Op papier weeg die Seepuntse span dus besonder goed op teen die Matiespan en o.i. sal die uitslag môre bepaald afhang van die vertoning van ons voorhoede. As daardie agt manne hulle teenstanders kan koudlei, twyfel ons nie daaraan dat ons beter gebalanseerde agterlyn hulle kanse sal kan gebruik nie. Peet van der Walt moet in die laaste tyd geen beweegkans gelaat word nie en langs hom

**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
**WORS en VLEIS**
vir
**BRAAIVLEISAANDE.**
Andringastraat, Stellenbosch.

*MATIES !*

Laat ons u bedien met al u apteek benodighede.

—o—

Hou Koers en hou die MATIE REPUTASIE HOOG.........

—o—

'N SUIWER AFRIKAANSE ONDERNEMING

—o—

**Die STELLENBOSCH-APTEEK**
(N. C. Hough)
Andringastraat, Stellenbosch.

## STOEI

Maandagaand het die Maties se B-span teen Paramount opgetree en 'n mooi oorwinning behaal met vier gevegte teen drie. Die volledige uitslae was as volg:

**Kapokgewig:** Malherbe verloor teen Brand met 1 val.

**Veergewig:** U.S. gee geveg prys.

**Liggewig:** Maree verloor teen Louw met 1 val.

**Weltergewig:** Nel klop Theron op punte.

**Middelgewig:** J. D. Maas klop Smit op punte.

**Ligswaargewig:** De Wet klop Retief op punte.

**Swaargewig:** Paramount gee geveg prys.

Maree was bepaald ongelukkig om te verloor teen Louw en die uitslag is bepaald nie 'n getroue weergawe van die geveg nie. Nadat Maree ongelukkig was om heel aan die begin 'n val teen hom te kry, het hy beslis die oorhand gehad, maar kon net nie sy teenstander vasdruk nie.

## BOKS

Verlede week het die Matiespan 'n naelskraapse oorwinning met ses gevegte teen vyf oor Tokai behaal. Swanepoel en van Wyk het weereens hulle bekwaamheid getoon en was vir mooi oorwinnings verantwoordelik. Na die laaste geveg het Frank en Alf James 'n pragtige vertoongeveg gelewer en die groot aantal toeskouers het dit ten volle geniet.

Die volledige uitslae was as volg:

**Kapokgewig:** Van Vuure verloor teen Furlong op punte.

**Veergewig:** Pretorius klop Black op punte. Swanepoel klop Fourie op punte.

**Liggewig:** Niehaus boks gelykop teen Murphy. Van Zyl klop Muller op punte.

**Weltergewig:** Crous verloor teen Bonthuys op punte. Botha verloor teen Shaw op punte.

**Middelgewig:** De Wet verloor teen Schikkeling met 'n tegniese uitklophou. Marinus verloor teen Labotsky met 'n uitklophou. Van der Veen klop Brand op punte.

**Ligswaargewig:** Kroezen klop Morkel op punte. Van Wyk klop Jones op punte.

wag Oosthuizen en Krone altyd om die verdediging terdeë te toets. En verdediging is juis Hamiltons se swak punt.

Voordat ons voorspelers egter daardie samespel lewer waarna ons die laaste paar Saterdae tevergeefs uitgesien het, is Stellenbosch se kanse op 'n oorwinning beslis skraal. Dit is darem hoog tyd dat die manne nou regruk, veral aangesien dit hulle laaste wedstryd is voordat hulle op toer gaan na Pretoria, Potchefstroom en die Vrystaat.

## HOKKIE

### Mans

Verlede week het daar op Unie-dag op die plaaslike velde 'n vriendskaplike toernooi plaasgevind tussen die verskillende spanne wat in die eerste liga optree. Slegs V.O.B. het nie deelgeneem nie, en die twee studenteklubs, Stellenbosch en U.K., het ook elk 'n tweede span ingeskryf sodat daar altesaam nege spanne deelgeneem het. Ons eerste span het pragtig gepresteer deur onoorwonne deur te gaan en slegs een punt prys te gee as gevolg van 'n gelykopspel teen Nomads. Ook die Ikeyspan moes swig voor die spel van die Maties en het verloor met een doel teen nul. Boonop is daar in al ag hul wedstryde nie een doel teen die Maties aangeteken nie — voorwaar 'n trotse rekord vir Pierre Fourie, ons doelwagter. Hy maak ongetwyfeld baie sterk aanspraak op insluiting in die W.P.-span wat in volgende maand gekies moet word.

Hierdie prestasie het die mansspan Saterdag opgevolg met nog 'n uitstekende vertoning toe hulle Nomads met 3 — 1 oormeester het. Die spel was dwarsdeur vinnig en met hulle goeie samespel het die Maties dwarsdeur mooi bewegings op tou gesit. Hulle doele is aangeteken deur Malan en Labuschagne (2).

Môre speel hulle op die plaaslike veld teen Oudskoliere, Seepunt, en alles dui op nog 'n Matie-oorwinning want dit is te betwyfel of die Seepunters suksesvol sal kan wees teen ons span se puik spel.

### Dames

Verlede Saterdag was ons dames vir nog 'n verrassing verantwoordelik deur Westelike Provinsie met 2—0 te klop. Die span is tans pragtig op stryk en lewer puik hokkie. Uitblinkers was mej. Wilkens wat albei doele aangeteken het en mej. Neethling, die Matie-doelwagster.

Die feit dat twee lede van die damespan gekies is om Westelike Provinsie te verteenwoordig op die vriendskaplike tussen-provinsiale hokkie-toernooi wat van 9 tot 14 Julie in Bloemfontein plaasvind, is dan ook gepaste beloning vir die gehalte van spel wat die span tans lewer.

**Langs hierdie weg wil ons dan ook mejj. Wilkens en Price-Moore van harte gelukwens met hulle prestasies.**

## HOE MENS PERSONE BEÏNVLOED

Hierdie uiters interessante onderwerp word Dinsdag, 12 Junie, deur mnr. Koos Smit voor die Dames-Studentevereniging behandel. Alle dames is welkom. Die vergadering vind plaas in die huishoudkunde-gebou om 7.45 n.m.

# VAE VICTIS!

## *BRITSE RIDDERLIKHEID*

Volgens nuusberigte is William Joyce, alias „Lord Haw-Haw", 'n gewonde krygsgevangene in Britse hande.

Die „Cape Argus" van 31 Mei l.l. vertel hoe nie alleen sy versoek om Engelse nuusblaaie deur die verpleegster, op hoër bevel, geweier is nie, maar dat hy selfs nie eens 'n sigaret mag kry nie. — ('n Humane mens sou so iets aan 'n gewonde kaffer nie weier nie).

Dieselfde blad vertel verder hoedat Engelse soldate, op gevaar van sware boete, verbied word om aan Duitse kinders sjokolade te gee. (Wie een van hierdie kleintjies net 'n beker koue water gee....).

En dis die mense wat heeldag die mond vol het van hoe hulle nou die beskaafste volk van die wêreld weer gaan opvoed! Watter pragtige pedagoë, met hulle — **opvoedkunde van haat.**

Hieroor sê „Die Vaderland":—

„In skeldtaal uiter die Engelse pers nog steeds sy bittere haat teenoor die Duitsers, en selfs oor die lyke van die Duitse leiers kan hulle die bitterheid nie nalaat nie. In sy rubriek „Stoeptalk" doen die „Star" die volgende grafskrifte vir sommige van die Duitse leiers aan die hand:

Hitler: „The bloody dog is dead."

Goebels: „Like a liar gone to hell.' '

Himmler: „May his soul burn and never-dying worms feast on its pain for ever."

Kan 'n mens Pirow dan kwalik neem as hy in hierdie verband sê, as al hierdie berigte waar is, kan die Bondgenote maar alle aanspraak opgee om as beskaafde nasies erken te word. Hulle optrede toon 'n gebrek nie net aan ridderlikheid nie, maar aan menslike instinkte wat jy net duskant die Aapmens ontmoet.

## KORRESPONDENSIE

Ons het enkele antwoorde ontvang op die brief van „Matie-ondersteuner" in ons vorige uitgawe, hoofsaaklik van mense wat geensins die opinie van „Matie-ondersteuner" ondersteun nie. Weens gebrek aan plaasruimte moet dié briewe ongelukkig oorstaan tot volgende week

(— Red.)

**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
**VARS GEBAKTE VIS, AARTAPPELREPIES, SOUTVIS en KIPPERS.**

**WINTER IS HIER!!**

*Ons het 'n groot verskeidenheid Blou en Vaal REËNJASSE teen 65/10½.*

*Ook REX TRUE FORM-WARMJASSE in die nuutste kleure.*

*Sien ons WOLSERPE, 'n groot verskeidenheid van kleure.*

*LEERHANDSKOENE teen 18/9, 22/6*

*Moenie wag tot die beste uitverkoop is nie.*

**Gebrs. DE WET**
Foon 20 STELLENBOSCH Bus 21

Vir **BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP**

*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*